St. Ludger van Münster

26 Maart

(744-809)

Hy is in Friesland gebore en deur die heilige Gregorius in Utrecht opgelei. Hy word in 777 in Keulen priester gewy. Daarna reis hy etlike jare lank deur Friesland en verkondig die Evangelie onder die stamme wat as gevolg van die Saksiese invalle teruggekeer het na hul ou heidense gebruike. Hy word ’n raadgewer van keiser Karel die Grote en in 804 word hy aangestel as die eerste biskop van Münster. Hy was ’n baie belangrike sendeling wat ’n deurslaggewende rol gespeel het by die kerstening van groot dele van die Nederlande en die destydse Duitse ryk.

Die Oratorium Uitgewery